exceeding 6 months but of less than 12 months . . . . .	5¼ per cent.
of 12 months or more . . . . .	5½ per cent.
(D) Paid-up indefinite shares of building societies . . . . .	6 per cent.

These rates exclude commission paid by *Building Societies to agents* for the collection of deposits.

(ii) *Maximum rates of interest per annum applicable to all institutions so registered or provisionally registered whose total deposits on or after the date when this notice becomes effective do not exceed R10,000,000 (ten million rand), and hire-purchase, general and savings banks whose total deposits on or after the date when this notice becomes effective exceed R10,000,000 (ten million rand) but do not exceed R30,000,000 (thirty million rand):—*

<i>Type of Deposit.</i>	<i>Maximum rate of interest per annum.</i>
All the various types of deposits specified	
(a) in sub-section (A) of section (i) above . . . . .	The rates prescribed in sub-section (A) of section (i).
(b) in sub-sections (B), (C) and (D) of section (i) above . . . . .	¼ per cent above the rates prescribed in sub-sections (B), (C) and (D) of section (i).

G. RISSIK,  
Governor.

No. 419 (Republiek.)

[26 Maart 1965

WET OP STANDAARDE 1962, SOOS GEWYSIG.  
WYSIGING VAN VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIES VIR SEKERE ELEKTRIESE TOERUSTING.

Kragtens subartikel (3) van artikel vyftien van die Wet op Standaarde, 1962, (Wet No. 33 van 1962), soos gewysig, word bekend gemaak dat die Minister van Ekonomiese Sake van voorneme is om die verpligte standaardspesifikasies vir sekere elektriese toerusting, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1017 van 3 Julie 1964, te wysig.

No. 419 (Republic.)

[26th March, 1965

STANDARDS ACT, 1962, AS AMENDED.  
AMENDMENT OF COMPULSORY STANDARD SPECIFICATIONS FOR CERTAIN ITEMS OF ELECTRICAL EQUIPMENT.

Notice is given in terms of sub-section (3) of section fifteen of the Standards Act, 1962 (Act No. 33 of 1962), as amended, that the Minister of Economic Affairs intends to amend the compulsory standard specifications for certain items of electrical equipment published by Government Notice No. 1017 of July 3, 1964. Particulars of the amendments are contained in the schedule to this notice.

Besonderhede van die wysigings verskyn in die bylae van hierdie kennisgewing.

Die wysigings beteken dat sekere toetsvereistes minder streng gemaak word en dat afgeskermdde, buigbare koord en koord van die telefoonsnoertipe van die toepassing van die verpligte standaardspesifikasies uitgesluit word.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die Minister se voorneme om dié wysigings aan te bring, moet sy beswaar binne twee maande na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Direkteur, S.A. Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria, indien.

#### BYLAE.

#### WYSIGING VAN VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIES GEPUBLISEER BY GOEWERMENTSKENNISGEWING NO. 1017 VAN 3 JULIE 1964.

##### BYLAE 1. HAND-LUGBREUKSKAKELAARS.

*Onderafdeling 3.16.4.* Skrap die bestaande onderafdeling en vervang dit deur die volgende:

*3.16.4.* Skakelaars wat ontwerp en gemaak is om met buigsame koorde en kables gebruik te word, moet geskikte gate of openings hê om die koorde en kables wat nodig is om die ontwerpstroom van die skakelaar te dra, te neem sonder dat die isolering of mantel beskadig word. Waar dit die bedoeling is dat ongeskakelde geleiers in 'n buigsame meerkernkoord of -kabel deur die omhulsel van die skakelaar moet gaan, moet daar voorsiening gemaak word vir genoeg ruimte om die ongesnyde geleiers deur te laat; so nie moet vir geskikte aansluiters en/of verbindingsskakels voorsiening gemaak word.

*Onderafdeling 3.18.2.* Wysig die laaste drie reëls van hierdie onderafdeling sodat dit as volg lui:

0.001 vk. dm. of minder	10 lb.
0.0017 vk. dm.	15 lb.
0.003 vk. dm.	20 lb.

*Onderafdeling 4.1.* Wysig die tweede laaste reël sodat dit „10 megohm” lui.

*Onderafdeling 4.4.2.* Skrap die bestaande onderafdeling en vervang dit deur die volgende:

*4.4.2 Klemme en Kontakte.* Volgens 6.5 gemeet, mag die temperatuurstyging van bedradingsklemme nie 40°C te bowe gaan nie en mag dié van kontakte wat van koper of 'n koperlegering gemaak is, nie 45°C te bowe gaan nie.

*Onderafdeling 4.5.2.* Wysig „12,000” in die laaste reël sodat dit „10,000” lui.

*Onderafdeling 5.1.(c).* Voeg die woorde „behalwe in die geval van toestelskakelaars,” aan die begin van hierdie onderafdeling in as die eerste woorde van die eerste sin.

##### BYLAE 3. ELEKTRIESE LUG- EN STRALINGSVERWARMERS.

*Onderafdeling 2.1.* Voeg die volgende woordbepaling en Opmerking by:

*Smeul.* Om stadig sonder vlam te brand.

*Opmerking:* Daar is 'n baie duidelike verskil tussen smeul en skroei en daar kan vasgestel word of die materiaal begin smeul het of nie (kyk 6.8.2 (b)) deur dit aan die einde van die blootstelyd van 10 sekondes vinnig van die skerm af te haal. As die materiaal begin smeul het, sal 'n gat daarin gevorm het en sal die rand van die gat rooi gloei.

*Onderafdeling 4.7.* Wysig „15 sekonde” sodat dit „10 sekondes” lui.

##### BYLAE 4. BUIGSAME KOORDE VIR KRAG- EN VERLICHTINGSDOELEINDES.

*Algemeen.* Wysig die woord „glanskatoen” waar dit in die spesifikasie voorkom sodat dit „katoen” lui.

*Onderafdeling 1.1.* Voeg voor „nie” in die laaste reël die woorde „of op afgeskermdde buigsame koorde of op buigsame koorde van die telefoonsnoertipe”, in.

*Onderafdeling 2.1.* Voeg die volgende woordbepaling by:

*Koord van die Telefoonsnoertipe.* 'n Koord waarvan die geleiers bestaan uit 'n groep drade wat elk op sy beurt uit minstens twee bandjies van kadmium/koper (of 'n ander geskikte koperlegering) bestaan wat eweredig om 'n tekstieldraad gedraai is.

The purport of the amendments is to relax certain test requirements and to exclude screened flexible cord and tinsel cord from the application of the compulsory standard specifications.

Any person who wishes to object to the Minister's intention to effect such amendments shall lodge his objection in writing with the Director, S.A. Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria, within two months from the date of publication of this notice.

#### SCHEDULE.

#### AMENDMENT OF COMPULSORY STANDARD SPECIFICATIONS PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE NO. 1017 OF JULY 3, 1964.

##### SCHEDULE 1. MANUALLY OPERATED AIR-BREAK SWITCHES.

*Subsection 3.16.4.* Delete the existing subsection and substitute the following:

*3.16.4.* Switches designed and constructed for use with flexible cords and cables shall have suitable holes or openings for accepting, without damage to the insulation or sheathing, the cords or cables necessary to carry the rated current of the switch.

Where it is intended that unswitched conductors in a multicore flexible cord or cable should pass through the enclosure of the switch, adequate space shall be provided to accommodate the uncut conductors; alternatively, appropriate terminals and/or links shall be provided.

*Subsection 3.18.2.* Amend the last three lines of this subsection to read:

0.001 sq. in. or less	10 lb.
0.0017 sq. in.	15 lb.
0.003 sq. in.	20 lb.

*Subsection 4.1.* Amend the last line to read: 10 megohms.

*Subsection 4.4.2.* Delete the existing subsection and substitute the following:

*4.4.2. Terminals and Contacts.* When measured in accordance with 6.5, the temperature rise of wiring terminals shall not exceed 40°C and that of contacts made of copper or a copper alloy shall not exceed 45°C.

*Subsection 4.5.2.* Amend “12,000” in the second last line to read “10,000”.

*Subsection 5.1.(c).* Insert the words “Except in the case of appliance switches”, at the beginning of this subsection, as the first words of the first sentence.

##### SCHEDULE 3. ELECTRIC AIR HEATERS AND RADIATORS.

*Subsection 2.1.* Add the following definition and Note:

*Smoulder.* To burn slowly without flame.

*Note:* The difference between smouldering and scorching is quite distinct and whether smouldering has commenced or not (see subsection 6.8.2.(b)) can be ascertained by quickly withdrawing the material from the guard at the end of the 10 seconds exposure. If smouldering has started a hole will have formed in the material and the edge of the hole will glow red.

*Subsection 4.7.* Amend “15 seconds” to read “10 seconds”.

##### SCHEDULE 4. FLEXIBLE CORDS FOR POWER AND LIGHTING PURPOSES.

*General.* Amend the words “glazed cotton” to read “cotton” wherever they appear in the specification.

*Subsection 1.1.* Add the following words at the end of the last sentence “or to screened flexible cords or to tinsel cord”.

*Subsection 2.1.* Add the following definition:

*Tinsel cord.* A cord having conductors, each conductor consisting of a group of tinsel threads and each such

*Onderafdeling 4.3.4(b)*. Skrap die woorde „die tussenruimtes word met asbesdraad opgevol” in die vierde en vyfde reël en voeg „word” tussen „geheel” en „met” in die vyfde reël in.

**BYLAE 9. LAMPHOUEERS EN AANSLUITPROPPE VIR BAJONETLAMPHOUEERS.**

*Onderafdeling 3.16*. Skrap die bestaande onderafdeling en vervang dit deur die volgende:

3.16. Lamphouers van die koordknyptipe en aansluitproppe vir lamphouers mag nie skakelaars bevat nie. Waar 'n skakelaar in 'n lamp ingebou is en die skakelaar met behulp van 'n metaalketting in werking gestel word, moet die ketting skakels van isoleermateriaal bevat. Hierdie skakels moet so na as moontlik aan die lamphouer aangebring word, met die voorbehoud dat hulle in al die normale posisies van die ketting buite die houer bly. Die ontwerpstrome en -spannings van die skakelaars moet minstens gelyk wees aan dié van die lamphouer en die skakelaars moet aan die vereistes van 4.4. voldoen.

No. 423 (Republiek).] [26 Maart 1965

**DEPARTEMENT VAN SPOORWEE, HAWENS EN LUGDIENS.**

**ALGEMENE SPOORWEGREGULASIES.**

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel drie van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet no. 70 van 1957) goedkeuring te verleen aan die volgende wysiging van Algemene Spoorwegregulasie no. 267 afgekondig by Goewermentskennisgewing no. R. 1560 in Regulasiemoerant no. 239 van 11 Oktober 1963:

*Regulasie no. 267.*

Deur die invoeging van 'n komma na „spiritus-” en die woord „gas-” daarna in paragraaf (a).

No. R. 425 (Republiek).] [26 Maart 1965

**WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE.**

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel drie-en-dertig van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958), sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 203 van 1964, wat in werking getree het op 1 April 1964:—

Regulasie 8 word hierby gewysig deur —

- (a) die bestaande subregulasie (3) te hernoem tot (3) (a); en
- (b) die volgende nuwe subregulasie (3) (b) in te voeg:—

(3) (b) Die tydelike rang van adjudant-offisier, sersant of ondersersant kan deur die Kommissaris aan 'n spesiale konstabel toegeken word en terwyl hy sodanige tydelike rang beklee, het hy die bevoegdhede en gesag wat op sodanige rang van toepassing is.

No. R. 426 (Republiek).] [26 Maart 1965

**DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.**

**REGULASIES VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VIR DIE SERTIFIKAAT VIR PSIGIATRIESE VERPLEEGINSTRUKTEUR.**

Die Minister van Gesondheid het, in uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel elf van die Wet op Verpleging, 1957 (Wet No. 69 van 1957), sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies vir die opleiding en eksamineer vir die sertifikaat vir

thread consisting of at least two tapes of cadmium/copper (or other suitable copper alloy) evenly lapped on a textile thread.

*Subsection 4.3.4(b)*. Delete the words “the interstices being filled with asbestos yarn” in the 4th line.

**SCHEDULE 9. LAMP HOLDERS AND BAYONET-CAP LAMP HOLDER ADAPTORS.**

*Subsection 3.16*. Delete the second sentence and the first two words (i.e. “In addition”) of the third sentence; the third sentence thus beginning: “Switches . . .”

No. R. 423 (Republic).] [26th March, 1965

**DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.**

**GENERAL RAILWAYS REGULATIONS.**

The State President has been pleased, in terms of Section three of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), to approve of the following amendment to General Railway Regulation No. 267, published under Government Notice No. R. 1560 in Regulation Gazette No. 239 of the 11th October 1963:—

*Regulation 267.*

By the insertion in paragraph (a) of a comma after “spirit” and the word “gas” thereafter.

No. R. 425 (Republic).] [26th March, 1965

**AMENDMENT TO THE REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN POLICE.**

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section thirty-three of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958), to approve the following amendment to the Regulation for the South African Police, promulgated under Government Notice No. R. 203 of 1964, which came into operation on 1st April, 1964.

Regulation 8 is hereby amended —

- (a) by re-numbering the existing sub-regulation (3) to read (3) (a); and
- (b) by inserting the following new sub-regulation (3) (b):—

(3) (b) The Commissioner may confer on a Special Constable the temporary rank of Warrant Officer, Sergeant or Lance Sergeant and whilst holding such temporary rank he shall exercise the powers and authority applicable to such rank.

No. R. 426 (Republic).] [26th March, 1965

**THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.**

**REGULATIONS FOR THE TRAINING AND EXAMINATION FOR THE CERTIFICATE FOR PSYCHIATRIC NURSE INSTRUCTOR.**

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (1) of section eleven of the Nursing Act, 1957 (Act No. 69 of 1957), has approved of the following regulations for the training and examination

psigiatriese verpleeginstrukteur, wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad gemaak is:—

#### TOELATING TOT OPLEIDING.

1. 'n Kandidaat vir toelating tot opleiding moet aan die persoon in beheer van die opleidingskool bewys lewer van lopende registrasie by die raad as 'n psigiatriese verpleegster/verpleër, of sowel as 'n verpleegster/verpleër vir sielsiekes as 'n verpleegster/verpleër vir swaksinniges. Die toepaslike registrasie/s moet dwarsdeur die voorgeskrewe opleidingstydperk en totdat die uitslae van die betrokke eksamen gepubliseer is, in stand gehou word, by gebreke waarvan die kandidaat alle opleiding wat voor die datum van hertoelating tot die register deurloop is, verbeur, tensy die raad anders bepaal.

OPMERKING — Ooreenkomstig die regulasies betreffende die registers vir leerlingverpleegsters en leerlingvroedvroue moet 'n leerling binne ses (6) weke na die datum van aanvangs of hervatting van opleiding by die raad om registrasie of herregistrasie aansoek doen.

#### OPLEIDINGSKOLE.

2. (1) 'n Inrigting of groep inrigtings word nie as 'n opleidingskool goedgekeur nie, tensy —

- (a) bewys gelewer word tot tevreedenheid van die raad dat fasiliteite beskikbaar is vir die opleiding van leerlinge in die onderwerpe wat in hierdie regulasies voorgeskryf word;
- (b) 'n geregistreerde psigiatriese verpleegster/verpleër of 'n persoon wat sowel as 'n verpleegster/verpleër vir sielsiekes as 'n verpleegster/verpleër vir swaksinniges geregistreer is, by die raad aangewys word as die persoon in beheer van die opleidingskool. Die persoon wat aangewys word is aan die raad verantwoordelik en moet die raad tevrede stel dat elke leerling behoorlike onderrig in die onderwerpe wat in hierdie regulasies voorgeskryf word, ontvang;
- (c) die raad, of 'n persoon daartoe afgevaardig deur die raad, die reg het om te eniger tyd 'n opleidingskool te inspekteer en om die inligting wat nodig geag word, aan te vra;
- (d) die raad ten alle tye die reg het om die inligting wat nodig geag word, van 'n opleidingskool aan te vra en om op enige saak waar sy vereistes blykbaar nie behoorlik nagekom word nie, of op enige saak wat na sy mening die opleiding van leerlinge benadeel, te wys, en om in enige geval wat onbevredigend bly, sy goedkeuring te weerhou, op te hef of in te trek.

(2) Nieteenstaande die vereistes in paragraaf (1) vervat, mag die raad na goeddunke, 'n inrigting of 'n groep inrigtings as 'n opleidingskool goedkeur al voldoen sodanige inrigting of groep inrigtings nie aan die genoemde vereistes nie. Hierdie goedkeuring kan vir sodanige tydperk en op die voorwaardes wat die raad mag bepaal, verleen word.

(3) Enige goedkeuring deur die raad verleen, kan na sy goeddunke, verander of gewysig word.

#### OPLEIDINGSTYDPERK.

3. Die kursus mag voltyds of deelyds geneem word en moet oor 'n tydperk van minstens twee honderd (200) dae allesinsluitend (behalwe diensvry dae), strek, wat binne 'n tydperk van hoogstens twee (2) jaar voltooi moet word, tensy die raad anders bepaal.

#### DIE LEERPLAN.

4. Die leerplan is soos in Bylae A voorgeskryf.

#### LESINGS, DEMONSTRASIES EN PRAKTIESE OPLEIDING.

5. Elke leerling moet —

- (a) 'n kursus lesings en demonstrasies oor die onderwerpe wat in die leerplan in Bylae A voorgeskryf word, bywoon. Alle dosente en demonstrateurs moet kwalifikasies wat deur die raad goedgekeur word, besit;
- (b) die praktiese opleiding deurloop soos voorgeskryf in die leerplan in Bylae A;
- (c) waar moontlik, onder toesig inrigtings soos die vol-

for the certificate for psychiatric nurse instructor, made by the South African Nursing Council:—

#### ADMISSION TO TRAINING.

1. A candidate for admission to training shall submit to the person in charge of the training school proof of current registration with the council as a psychiatric nurse, or both as a mental nurse and as a nurse for mental defectives. The registration/s applicable shall be maintained throughout the prescribed period of training and until the results of the examination concerned are published, failing which the candidate shall forfeit all training undergone prior to the date of re-admission to the register, unless the council determines otherwise.

NOTE — In terms of the regulations regarding the registers for student nurses and student midwives, a student shall apply to the council for registration or re-registration within six (6) weeks of the date of commencement of training or resumption of training.

#### TRAINING SCHOOLS.

2. (1) An institution or group of institutions shall not be approved of as a training school unless —

- (a) proof is furnished to the satisfaction of the council that facilities exist for the training of students in the subjects prescribed in these regulations;
- (b) a registered psychiatric nurse, or a person registered both as a mental nurse and as a nurse for mental defectives, is designated to the council as the person in charge of the training school. The person designated shall be responsible to and shall satisfy the council that every student receives adequate instruction in the subjects prescribed in these regulations;
- (c) the council, or a person deputed thereto by the council, shall have the right to inspect a training school at any time and to call for such information as may be deemed necessary;
- (d) the council shall at all times have the right to call for such information from a training school as it may deem fit and to point out any matter in which its requirements appear to be insufficiently met, or any matter which in its opinion adversely affects the training of students, and to withhold, suspend or withdraw approval in any case which remains unsatisfactory.

(2) Notwithstanding the requirements set out in paragraph (1), the council may, at its discretion, approve of an institution or of a group of institutions as a training school although such an institution or group of institutions does not comply with the said requirements. Such approval may be granted for such period and upon such conditions as the council may determine.

(3) Any approval given by the council may, at its discretion, be varied or amended.

#### PERIOD OF TRAINING.

3. The course may be taken on a full-time or a part-time basis and shall extend over a period of not less than two hundred (200) days in all (excluding days off) which shall be completed within a period of not more than two (2) years, unless the council determines otherwise.

#### SYLLABUS.

4. The syllabus shall be as prescribed in Annexure A.

#### LECTURES, DEMONSTRATIONS AND PRACTICAL TRAINING.

5. Every student shall —

- (a) attend a course of lectures and demonstrations on the subjects prescribed in the syllabus in Annexure A. All lecturers and demonstrators shall hold qualifications approved of by the council;
- (b) undergo the practical training prescribed in the syllabus in Annexure A;
- (c) wherever possible, visit, under supervision, institu-

'n psigiatriese hospitaal of 'n hospitaal vir sielsiekes; 'n inrigting vir swaksinniges; 'n beroepssentrum vir swaksinniges; 'n spesiale skool; 'n vereniging vir geestesgesondheid; 'n kinderhof; 'n bewaarskool; 'n verpleegkollege; 'n maatskaplike welsynsorganisasie; 'n skool vir dowes; 'n skool vir spastiese persone; 'n ouetehuis; 'n inrigting vir mediese navorsing; 'n hospitaalkombuis; 'n hospitaalwassery; 'n laboratorium;

- (d) onder toesig die huise van persone met sosiale of geestesgesondheidsprobleme, besoek.

#### DIE EKSAMEN.

6. Die eksamen bestaan uit drie (3) dele, naamlik —

- (a) 'n skriftelike gedeelte wat drie (3) uur duur;  
 (b) twee (2) voorbereide lesse wat aan 'n klas doseer word;  
 (c) 'n mondelinge gedeelte.

#### TOELATING TOT DIE EKSAMEN.

7. (1) 'n Kandidaat vir toelating tot die eksamen moet by die raad indien —

- (a) 'n sertifikaat van die persoon in beheer van die opleidingskool, wat sertifiseer —  
 (i) dat die kandidaat teen die datum van die skriftelike gedeelte van die eksamen, aan die bepalings van regulasie 5 sal voldoen het; en  
 (ii) dat die kandidaat die opleidingstydperk in regulasie 3 voorgeskryf, nie later nie as die laaste dag van die maand waarin die eksamen afgeneem word, sal voltooi;  
 (b) 'n aansoek om toelating ooreenkomstig regulasie 9.

(2) Van 'n kandidaat wat nie die eksamen binne een (1) jaar vanaf die datum van voltooiing van die voorgeskrewe opleidingstydperk aflê nie, mag vereis word om sulke verdere opleiding waarop die raad mag besluit, te deurloop voor toelating tot die eksamen.

#### HERTOELATING TOT DIE EKSAMEN.

8. 'n Kandidaat wat in 'n eksamen druipt moet binne een (1) jaar vanaf die datum van die eksamen waarin die kandidaat onsuksesvol was, weer vir die eksamen inskryf, by versuim waarvan die kandidaat elke keer sodanige verdere opleiding wat die raad mag bepaal, moet deurloop voor hertoelating tot die eksamen.

9. 'n Kandidaat wat by 'n tweede of daaropvolgende poging tot 'n eksamen druipt, moet elke keer sodanige verdere opleiding wat die raad mag bepaal, deurloop voor hertoelating tot die eksamen.

(3) 'n Aansoek om hertoelating tot die eksamen moet ooreenkomstig regulasie 9 ingedien word.

#### DATUMS VAN EKSAMENS, AANSOEKE OM TOELATING EN HERTOELATING EN EKSAMENGELDE

9. (1) Die persoon in beheer van die opleidingskool moet die raad sonder versuim in kennis stel, en redes verstrek, indien 'n kandidaat na indiening van 'n aansoek ooreenkomstig hierdie regulasie, nie meer tot 'n eksamen toegelaat of hertoelating kan word nie.

(2) Die eksamen word twee keer per jaar gedurende die maande Junie en November afgeneem en aansoeke om toelating of hertoelating moet voor of op 7 April en 7 September onderskeidelik, by die raad ingedien word.

(3) (a) Gelde ten bedrae van agt rand (R8) moet aan die raad betaal word by aansoek om toelating tot die eksamen.

(b) Gelde ten bedrae van ses rand (R6) moet by elke aansoek om hertoelating tot die eksamen, aan die raad betaal word.

(4) 'n Aansoek wat nie later nie as sewe (7) dae na die voorgeskrewe datum vir die indiening van aansoeke om toelating of hertoelating tot 'n eksamen ingedien word, word slegs by betaling van 'n bykomende bedrag van drie rand (R3) aangeneem.

(5) 'n Aansoek wat meer as sewe (7) dae na die voorgeskrewe datum vir die indiening van aansoeke om

a psychiatric or mental hospital; an institution for mental defectives; an occupational centre for mental defectives; a special school; a mental health society; a children's court; a place of safety; a nursing college; a social welfare organisation; a school for the deaf; a school for spastics; a home for the aged; an institution for medical research; a hospital kitchen; a hospital laundry; a laboratory;

- (d) under supervision, visit the homes of persons with social or mental health problems.

#### THE EXAMINATION.

6. The examination shall consist of three (3) portions being —

- (a) a written portion of three (3) hours duration;  
 (b) two (2) prepared lessons given to a class;  
 (c) an oral portion.

#### ADMISSION TO THE EXAMINATION.

7. (1) A candidate for admission to the examination shall lodge with the council —

- (a) a certificate from the person in charge of the training school, certifying —  
 (i) that by the date of the written portion of the examination the candidate will have complied with the provisions of regulation 5; and  
 (ii) that the candidate will complete the period of training prescribed in regulation 3 not later than the last day of the month in which the examination is held;  
 (b) an application for admission in terms of regulation 9.

(2) A candidate who does not take the examination within one (1) year of the date of completion of the prescribed period of training, may be called upon to undergo such further training as the council may decide upon, before being admitted to the examination.

#### RE-ADMISSION TO THE EXAMINATION.

8. (1) A candidate who fails in an examination shall re-enter for the examination within one year of the date of the examination in which the candidate was unsuccessful, failing which the candidate shall each time undergo such further training as the council may decide upon, before re-admission to the examination.

(2) A candidate who fails in the examination at the second or at a subsequent attempt shall each time undergo such further training as the council may decide upon, before re-admission to the examination.

(3) An application for re-admission to the examination shall be lodged in terms of regulation 9.

#### DATES OF EXAMINATIONS, APPLICATIONS FOR ADMISSION AND RE-ADMISSION AND EXAMINATION FEES.

9. (1) The person in charge of a training school shall notify the council forthwith, giving reasons, if a candidate becomes ineligible for admission or re-admission to an examination subsequent to the lodging of an application in terms of this regulation.

(2) The examination shall be held twice a year during the months of June and November and applications for admission or re-admission shall be lodged with the council on or before the 7th April and 7th September, respectively.

(3) (a) A fee of eight rand (R8) shall be paid to the council upon application for admission to the examination.

(b) A fee of six rand (R6) shall be paid to the council upon each application for re-admission to the examination.

(4) An application lodged not more than seven (7) days after the date prescribed for the lodging of applications for admission and re-admission to an examination, shall be accepted only on payment of an additional fee of three rand (R3).

(5) An application lodged more than seven (7) days after the date prescribed for the lodging of applications

toelating of hertoelating tot 'n eksamen, ingedien word, word nie aangeneem nie.

(6) 'n Aansoek om toelating of hertoelating tot 'n eksamen word nie as ooreenkomstig hierdie regulasie ingedien beskou nie, tensy 'n aansoekvorm, behoorlik ingevul, die sertifikate wat van toepassing mag wees, die eksamen gelde en waar van toepassing, die bykomende bedrag in paragraaf (4) voorgeskryf, die raad bereik het nie.

(7) Eksamen gelde word nie terugbetaal of op 'n volgende eksamen oorgedra wanneer 'n kandidaat 'n aansoek om toelating of hertoelating tot 'n eksamen intrek of van 'n eksamen afwesig is nie, tensy die raad anders bepaal. Hierdie paragraaf is ook van toepassing op die bykomende bedrag wat in paragraaf (4) voorgeskryf word.

#### EKSAMENPUNTE.

10. (1) Suksesvolle kandidate word aangedui as „geslaag” of „geslaag met lof”.

(2) Om in 'n eksamen te slaag, moet 'n kandidaat minstens vyftig (50) persent van die totale punte vir elke gedeelte van die eksamen, behaal. Drie-en-dertig en een derde ( $33\frac{1}{3}$ ) persent van die totale puntetal vir die eksamen word aan elke gedeelte van die eksamen toegeken.

(3) Om met lof te slaag, moet 'n kandidaat minstens vyf-en-sewentig (75) persent van die totale puntetal behaal.

(4) Kandidate word nie in volgorde van verdienste geplaas nie en geen inligting aangaande punte of plekke van kandidate word verstrekk nie, behalwe in verband met 'n prys of toekenning wat deur die raad goedgekeur word.

#### EKSAMENSENTRUMS.

11. Eksamens word op plekke soos die raad mag besluit, afgeneem.

#### MODERATORE EN EKSAMINATORE.

12. Moderatore en eksaminatore word deur die raad aangestel.

#### REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIE EN SERTIFIKAAT VAN VOLTOOIING VAN OPLEIDING.

13. Aan 'n kandidaat wat in die eksamen geslaag het word 'n sertifikaat van registrasie van 'n addisionele kwalifikasie uitgereik sonder betaling van gelde; met dien verstande dat sodanige sertifikaat nie uitgereik word nie alvorens 'n kennisgewing van voltooiing van opleiding ooreenkomstig die regulasies betreffende die registers vir leerlingverpleegsters, by die raad ingedien is nie.

#### TOEPASSING OP DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA.

14. Hierdie regulasies is ook in die gebied van toepassing.

#### BYLAE A.

##### DIE LEERPLAN.

('n Lesing/periode duur minstens 40 minute).

OPMERKING: Die bepalings van die volgende Wette (insluitende wysigings, indien enige) en die regulasies wat ingevolge hierdie Wette gemaak is, vir sover as wat hulle van toepassing is, moet by die onderrig oor die verskillende aspekte van die leerplan ingesluit word:

Anatomiewet, No. 20 van 1959.  
Wet op Blindes, No. 11 van 1936.  
Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, No. 22 van 1941.  
Wet op Geestesgebreke, No. 36 van 1916.  
Wet op Geneesher, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928.  
Wet op Geregte Doodsondersoek, No. 58 van 1959.  
Kinderwet, No. 33 van 1960.  
Wet op Na-doodse Ondersoek en Verwydering van Menslike Weefsels, No. 30 van 1952.  
Wet op Ongeskiktheidstoelae, No. 36 van 1946.  
Ongevalwet, No. 30 van 1941.  
Ouderdomspensioenwet, No. 22 van 1928.  
Wet op Registrasie van Geboortes, Huwelike en

for admission and re-admission to an examination, shall not be accepted.

(6) An application for admission or re-admission to an examination shall not be deemed to have been lodged in terms of this regulation unless an application form, duly completed, such certificates as may be applicable, the examination fee and, where applicable, the additional fee prescribed in paragraph (4), shall have reached the council.

(7) Examination fees shall not be refunded or carried forward to a succeeding examination in the event of a candidate withdrawing an application for admission or re-admission to an examination, or being absent from an examination, unless the council determines otherwise. This paragraph shall also apply to the additional fee prescribed in paragraph (4).

#### EXAMINATION MARKS.

10. (1) Successful candidates shall be shown as having "passed" or "passed with honours".

(2) To pass in the examination, a candidate shall obtain at least fifty (50) per cent of the aggregate marks in each portion of the examination. Thirty-three and a third ( $33\frac{1}{3}$ ) per cent of the aggregate marks for the examination shall be allocated to each portion of the examination.

(3) To pass with honours, a candidate shall obtain at least seventy-five (75) per cent of the aggregate marks for the examination.

(4) Candidates shall not be placed in order of merit and no information in regard to marks or places obtained by candidates shall be given, except in connection with a prize or award approved of by the council.

#### EXAMINATION CENTRES.

11. Examinations shall be held at such places as the council may determine.

#### MODERATORS AND EXAMINERS.

12. Moderators and examiners shall be appointed by the council.

#### REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATION AND CERTIFICATE OF COMPLETION OF TRAINING.

13. A candidate who has passed in the examination shall be issued with a certificate of registration of an additional qualification without the payment of a fee; provided that such a certificate shall not be issued until a notice of completion of training has been lodged with the council in terms of the regulations regarding the registers for student nurses and student midwives.

#### APPLICATION TO THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA.

14. These regulations shall also apply to the territory.

#### ANNEXURE A.

##### THE SYLLABUS.

(A lecture/period shall extend over at least 40 minutes).

NOTE — The provisions of the following Acts (including amendments, if any) and the regulations made under these Acts, in so far as they apply, shall be included in the instruction on the various aspects of the syllabus:

Anatomy Act, No. 20 of 1959.  
Births, Marriages and Deaths Registration Act, No. 81 of 1963.  
Blind Persons Act, No. 11 of 1936.  
Children's Act, No. 33 of 1960.  
Disability Grants Act, No. 36 of 1946.  
Factories, Machinery and Building Work Act, No. 22 of 1941.  
Inquests Act, No. 58 of 1959.  
Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928.  
Mental Disorders Act, No. 36 of 1916.  
Nursing Act, No. 69 of 1957.  
Old Age Pensions Act, No. 22 of 1928.  
Post-Mortem Examinations and Removal of



Sterfgevalle, No. 81 van 1963.  
 Wet op Testamente, No. 7 van 1953.  
 Wet op Verpleging, No. 69 van 1957.  
 Volksgesondheidswet, No. 36 van 1919.  
 Werkloosheidsversekeringswet, No. 53 van 1946.

Human Tissues Act, No. 30 of 1952.  
 Public Health Act, No. 36 of 1919.  
 Unemployment Insurance Act, No. 53 of 1946.  
 Wills Act, No. 7 of 1953.  
 Workmen's Compensation Act, No. 30 of 1941.

1. TOEGEPASTE SOSIOLOGIE EN SOSIALE WERK (40 lesings)

- (1) Die biologiese, psigologiese en kulturele grondslae van die maatskappy. Fundamentele begrippe by die organisasie en differensiasie van die maatskaplike vorme: die huwelik, die gesin, groepstruktuur, gemeenskap, verenigings, inrigtings. Traditiese gewoontes en sedes. Die invloed van geografiese, beroeps-, opvoedkundige, ontspannings-, religieuse en rasse faktore op maatskaplike vooruitgang. Probleme in verband met maatskaplike verandering.
- (2) Beginsels van plattelandse, stedelike en industriële sosiologie met besondere verwysing na die probleme van gemeenskapslewe: behuising, vervoer, ontspanning. Die beskikbaarheid en benutting van noodsaaklike maatskaplike dienste.
- (3) *Sosiale patologie*: Die aard, oorsake en uitwerking op geestelike en liggaamlike gesondheid van: die verbrokkelde gesin, kinderverwaarlosing, jeugmisdaad, rondlopery, bedelary, alkoholisme, verdoofmiddelverslawing, prostitusie, die ongehude moeder, aborsie, selfmoord, die in die algemeen ontoereikende persoonlikheid.
- (4) *Bevolkingsprobleme*: Oor- en onderbevolking. Suigeling-, kraam- en algemene sterftesyfers, Gesondheidsprobleme voortspruitende uit stamgewoontes.
- (5) *Gevallewerk*: Beginsels en metodes van gevallewerk by probleemgesinne, belemmerde gesinne, verwaarloosde kinders, geestelike versteurde persone. Wetgewing in hierdie verband. Maatskaplike werksaamhede. Metodes van verwysing na die toepaslike verteenwoordigings. Die opstel van gevallestudies.
- (6) Die rol van die geestesgesondheidspersoneel met betrekking tot bogenoemde.

2. TOEGEPASTE SELKUNDE EN MENSEVERHOUDINGS (20 lesings)

- (1) *Ontwikkeling en gedrag van die mens*:
  - (a) Fundamentele behoeftes van mense en die waarneming van hierdie behoeftes vanaf suigelyngsjare tot op hoë ouderdom.
  - (b) Invloed van erflikheid en omgewing.
  - (c) Persoonlikheid en karakter:
 

die biologiese, psigologiese en sosiale faktore wat onderliggend is aan die gedrag van die individu en die ontwikkeling daarvan.
  - (d) Intelligensie.
  - (e) Besef, insig en reaksie en die uitwerking daarvan op doeltreffendheid.
- (2) *Gedragsprobleme en wanaanpassing*: Die gedragsprobleme en wanaanpassing (met besondere verwysing na oorsprong, voorkoming en behandeling) gedurende —
  - (a) kinderjare;
  - (b) jeug;
  - (c) volwassenheid;
  - (d) hoë ouderdom.
- (3) *Aanpassingstegnieke*: Beteueling, onderdrukking, projeksie, regressie, oorkompensasie, sublimering, rasionalisering.
- (4) *Sosiale psigologie*: Openbare mening, leierskap, standpunte.
- (5) *Die emosionele en sosiale aspekte van siekte*: Aanwesigheid van pyn, steuring van funksies, aanpassing by nuwe patroon, verplasing uit werklikheid.
- (6) *Die verpleegster-pasiënt verhouding*: Die daarstelling van 'n gevoel van vertrouwe by die pasiënt in die bekwaamheid, die bereidwilligheid om te help en die diskresie van die verpleegster. Die rol van die verpleegster ten opsigte van —
 

die oordra van 'n gevoel van welsyn aan die pasiënt; die erkenning van die behoefte van die

1. APPLIED SOCIOLOGY AND SOCIAL WORK (40 lectures)

- (1) The biological, psychological and cultural bases of society. Fundamental concepts in the organisation and differentiation of the forms of society: marriage, the family, group structure, community, associations, institutions. Traditions, customs and mores. The influence of geographical, occupational, educational, recreational, religious and race factors on social progress. Problems of social change.
- (2) Principles of rural, urban and industrial sociology with special reference to the problems of community life: housing, transport, recreation. The availability and utilisation of essential social services.
- (3) *Social pathology*: The nature, causes and effects on mental and physical health of: the broken home, child neglect, juvenile delinquency, vagrancy, mendicancy, alcoholism, drug addiction, prostitution, the unmarried mother, abortion, suicide, the generally inadequate personality.
- (4) *Population problems*: Over and under population. Infant, maternal and general mortality rates. Health problems arising from racial customs.
- (5) *Case work*: Principles and methods of case work in problem families, handicapped families, neglected children, mentally disturbed persons. Legislation in this regard. Social agencies. Methods of referral to appropriate agencies. The writing of case histories.
- (6) The role of mental health personnel in relation to the above.

2. APPLIED PSYCHOLOGY AND HUMAN RELATIONS (20 lectures)

- (1) *Human Development and Behaviour*:
  - (a) The fundamental needs of human beings and perception of these needs from infancy to old age.
  - (b) Influence of heredity and environment.
  - (c) Personality and character:
 

the biological, psychological and social factors which underlie the individual's behaviour and development thereof.
  - (d) Intelligence.
  - (e) Awareness, insight and response and the effect thereof on effectiveness.
- (2) *Behaviour Problems and Maladjustment*: The behaviour problems and maladjustment (with particular reference to origin, prevention and treatment) during:
  - (a) childhood;
  - (b) adolescence;
  - (c) adulthood;
  - (d) old age.
- (3) *Techniques of Adjustment*: Repression, suppression, projection, regression, over-compensation, sublimation, rationalization.
- (4) *Social Psychology*: Public opinion, leadership, attitudes.
- (5) *The Emotional and Social Aspects of Illness*: Presence of pain, interference with function, adaptation to new pattern, removal from reality.
- (6) *Nurse-patient Relationship*: Establishing a feeling of confidence in the patient in the ability, the willingness to help and the discretion of the nurse. The role of the nurse in —
 

conveying a sense of well-being to the patient; recognising the need of the patient to be an

pasiënt om 'n individu te wees; die benutting van die pasiënt se bydrae; die help van die pasiënt met die nakoming van voorskrifte; die verkryging van die pasiënt se samewerking; die aanhelp van die pasiënt in die rigting van aanpassing, herstel en rehabilitasie; die erkenning van sy onsekerheid by terugkeer na gesins- en beroepslewe.

Die verpleegster as plaasvervanger van die moeder en as psigo-terapeutiese raadgewer.

- (7) *Psigopatologie*: Aanpassingstegnieke; die neurotiese persoonlikheid; angsvalligheid en vyandigheid; die basiese struktuur van neurose; die neurotiese behoefte aan toegeneentheid; die strewe na mag, prestige en besittings; neurotiese mededinging en konflik; neurotiese skuldgevoelens; kultuur; normaliteit en abnormaliteit; angsneurose; abnormale gedrag; fobias; obsessies; dissosiasie; histerie; psigosomatiese steurings; sindrome van serebrale ongesteldhede; manies-depressiewe ongesteldhede; skisofrenie; waansin; alkoholisme.

### 3. OPVOEDING: (20 lesings)

- (1) *Algemene Opvoeding*: (2 lesings).

'n Baie kort oorsig van die algemene opvoedkundige patroon in Suid-Afrika en die verhouding daarvan tot verpleegopleiding.

- (2) *Verpleegopvoeding*: (18 lesings)

- (a) Die beginsels van opvoeding en die verwantskap daarvan tot verpleegopvoeding.  
 (b) Die onderliggende beginsels van die basiese verpleegopleidingsprogramme en ontleding van die leerstof van die basiese leerplan.  
 (c) Die organisasie van 'n geïntegreerde opleidingsprogram vir verpleging.  
 (d) Die toepassing van beginsels en metodes van onderrig in die korrelasie van die teoretiese en praktiese programme.  
 (e) Die belangrikheid van behoorlike onderrigrekords.  
 (f) Die organisasie van 'n saalonderrigprogram — doel en metodes.

### 4. OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE

Opvoedkundige Sielkunde . . . . .	30 uur
Beginsels van Onderrig . . . . .	30 uur
Praktiese Onderrig in 'n goedgekeurde opleidingskool . . . . .	30 uur
Verpleegopleiding . . . . .	20 uur
Praktiese werk in die administrasie van 'n onderrigafdeling van 'n goedgekeurde opleidingskool . . . . .	2 maande

### 5. ONLANGSE ONTWIKKELINGE IN VERPLEGING, VERPLEGING VAN SIELSIEKES EN VERPLEGING VAN SWAKSINNIGES (30 lesings, groepbesprekings, huisbesoeke en besoeke aan gemeenskapsdienste).

- (1) Onlangse ontwikkelinge in die geneeskunde vir sover hulle van toepassing is op die beoefening van die verpleging van sielsiekies en die verpleging van swaksinniges.  
 (2) Gesondheidsopvoeding en gesondheidsopvoedingstegnieke.

### 6. ADMINISTRASIE (40 lesings)

- (1) Die beginsels van organisasie en bestuur en die praktiese toepassing daarvan: voorspelling, beplanning, organisasie, samewerking, koördinasie en kontrole, leierskap en handhawing van dissipline, die kuns van menseverhoudings, handhawing van bevredigende standaarde van werks- en gesondheids-toestande, veiligheidsfaktore, opleiding van personeel en die belangrikheid daarvan.  
 (2) Die beplanning en uitrusting van 'n onderrigafdeling.  
 (3) Toewysing van personeel.  
 (4) Algemene organisasie en bestuur van 'n onderrigafdeling:

beplanning van die leergang, hou van rekords, reëls van prosedure, geneeskundige voorskrifte,

individual; facilitating the contribution of the patient; assisting the patient to follow instructions; securing co-operation by the patient; assisting him towards adjustment, convalescence and rehabilitation; recognising his uncertainty on return to family and occupational life.

The nurse as mother-substitute and as psychotherapeutic counsellor.

- (7) *Psychopathology*: Techniques of adjustment; the neurotic personality; anxiety and hostility; the basic structure of the neuroses; the neurotic need of affection; the striving for power, prestige and possessions; neurotic competitiveness and conflict; neurotic guilty feelings; culture; normality and abnormality; anxiety neurosis; abnormal behaviour; phobias; obsessions; dissociation; hysteria; psychosomatic disturbances; syndromes of cerebral disorders; manic depressive disorders; schizophrenia; paranoia; alcoholism.

### 3. EDUCATION (20 lectures)

- (1) *General Education*: (2 lectures)

A very brief survey of the general educational pattern in South Africa and its relationship to nursing education.

- (2) *Nursing Education*: (18 lectures)

- (a) The principles of education in relation to nursing education.  
 (b) The principles underlying the basic nursing education programmes and analysis of the subject matter of the basic syllabus.  
 (c) The organisation of an integrated nurse training programme.  
 (d) The application of principles and methods of teaching in the correlation of the theoretical and practical programme.  
 (e) The importance of adequate teaching records.  
 (f) The organisation of a ward teaching programme — its purpose and methods.

### 4. EDUCATIONAL ASPECTS.

Educational Psychology . . . . .	30 hours
Principles of Teaching . . . . .	30 hours
Practical Teaching in an approved training school . . . . .	30 hours
Nursing Education . . . . .	20 hours
Practical work in the Administration of a Teaching Department of an approved training school . . . . .	2 months

### 5. RECENT ADVANCES IN NURSING, MENTAL AND MENTAL DEFICIENCY NURSING (30 lectures, group discussions, home visits and visits to community services).

- (1) Recent advances in medicine in so far as they relate to the practice of mental nursing and the nursing of mental defectives.  
 (2) Health education and health education techniques.

### 6. ADMINISTRATION (40 lectures)

- (1) The principles of organisation and management and the practical application thereof: forecasting, planning, organisation, co-operation, co-ordination and control, leadership and maintenance of discipline, the art of human relationships, maintenance of satisfactory standards of working and health conditions, safety factors, training of personnel and the importance thereof.  
 (2) Planning and equipping a teaching department.  
 (3) Staff allocations.  
 (4) General organisation and management of a teaching department:

curriculum planning, record keeping, rules of procedure, medical orders, drug control, liaison

genesemiddelkontrole, skakeling met maatskaplike organisasies en dienste buite die hospitaal, werksontleding en beheer van verkwistende gebruike, verwantskap tussen klaskameradministrasie en onderrig en onderrig in die sale.

with outside social agencies and services, job analysis and control of wasteful practices, relation between classroom administration and teaching and ward teaching.

- (5) Beheer van uitgawes.
- (6) Interdepartementele en interpersonale verhoudings: verhouding van verpleeginstrukteur tot die:
  - werkgewende owerheid, superintendent,, hoofverpleër, matrone, saaladministrateur, terapeutiese en ander hospitaaldiensgroepe, saalpersoneel, die pasiënte en hulle familieledede, lede van die publiek.
- (7) Individuele en professionele verantwoordelikheid.
- (8) Verantwoordelikheid en plig van die verpleeginstrukteur met betrekking tot —
  - (a) beserings aan pasiënte en personeel;
  - (b) verlies of beskadiging van pasiënte se besittings;
  - (c) professionele geheimhouding;
  - (d) bepaling van bekwaamheid en vertroulike verslae;
  - (e) beheer van gewoontevormende middels;
  - (f) die instandhouding en beheer van alle eiendom en toerusting in hospitale of inrigtings;
  - (g) voorkoming van siekteverspreiding;
  - (h) beëdigde verkларings.

- (5) Control of expenditure.
- (6) Interdepartmental and interpersonal relationships: relation of nurse instructor to the —
  - employing authority, superintendent, head male nurse, matron, ward administrator, therapeutic and other hospital teams, ward staff, patients and their relatives, members of the public.
- (7) Individual and professional responsibility.
- (8) Responsibility and duty of the nurse instructor in regard to —
  - (a) injuries to patients and staff;
  - (b) loss or damage to patients' property;
  - (c) professional secrecy;
  - (d) assessment of ability and confidential reporting;
  - (e) control of habit-forming drugs;
  - (f) the maintenance and control of all property and equipment in hospitals or institutions;
  - (g) prevention of spread of disease;
  - (h) affidavits.

7. GESKIEDENIS EN ETIEK VAN VERPLEGING (15 lesings)

7. HISTORY OF NURSING AND NURSING ETHICS (15 lectures)

8. REGENE EN NATUURWETENSKAP SOOS VAN TOEPASSING IN DIE BEOEFENING VAN VERPLEGING (20 lesings).

8. ARITHMETIC AND PHYSICAL SCIENCE AS APPLIED TO THE PRACTICE OF NURSING (20 lectures).

No. R. 427 (Republiek).]

[26 Maart 1965

No. R. 427 (Republic).]

[26th March, 1965

DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

REGULASIES VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VIR DIE SERTIFIKAAT IN INTENSIEWE VERPLEGING.

REGULATIONS FOR THE TRAINING AND EXAMINATION FOR THE CERTIFICATE IN INTENSIVE NURSING CARE.

Die Minister van Gesondheid het, in uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *elf* van die Wet op Verpleging, 1957 (Wet No. 69 van 1957), sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies betreffende die opleiding en eksamineer vir die sertifikaat in intensiewe verpleging, wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad gemaak is:—

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (1) of section *eleven* of the Nursing Act, 1957 (Act No. 69 of 1957), has approved of the following regulations for the training and examination for the certificate in intensive nursing care, made by the South African Nursing Council:—

TOELATING TOT OPLEIDING.

ADMISSION TO TRAINING.

